Moolman, Manus. 2006. **Skep welvaart uit jou huidige inkomste.**
Pretoria: LAPA Uitgewers. 288 p. Prys: R200,00. ISBN: 0 7993 3636 X.

Resensent: *Japie Kroon*
Programleier Entrepeneurskap, Skool vir Ondernemingsbestuur, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Rykdom wat sommerso gekom het, verminder maklik; wie bietjie vir bietjie bymekaarmaak, word ryk. (Spr. 13:11.)

Wat is eerste: kennis of geld? Met die nodige kennis en toewyding kan enige werkende persoon finansieel onafhanklik word. Daarvoor is ’n bewuste besluit nodig om die verantwoordelikheid vir jou finansiële sukses te aanvaar en die basiese beginsels te gebruik wat in *Skep welvaart* gegee word. Welvaartskepping vereis ’n plan waarin jou toekoms proaktief beplan en jou finansies aktief bestuur moet word met finansiële doelwitte. Dit vra dat jy deeglik huiswerk doen, die krag van saamgestelde rente en hefboomfinansiering gebruik, maandeliks in ’n effektetrust belê en die bestaande belastingriglyne tot jou voordeel gebruik.

Die eerste stap is om ’n surplus-inkomste te skep deur jou inkomste te verhoog en jou uitgawes te verminder. Die tweede stap is om die surplus-inkomste in ’n bate te belê wat uiteindelik ’n inkomste sal lewer wat só groot sal wees dat jy nie hoef te werk nie.

’n Mens kan R90,07 per maand teen 14% per jaar belê wat sal groei tot R1 miljoen in 35 jaar. Oor die tydperk is ’n totaal van R37 828 belê. Indien ’n persoon met meerdere kennis dieselfde bedrag (R90,07) oor dieselfde tydperk (35 jaar) met ’n gemiddelde opbrengskoers van 23% per jaar laat groei, sal dit aan die einde van die tydperk R13 641 829 werd wees.

Een van die belangrikste boodskappe van *Skep welvaart* is: “Die belegging van ’n klein, maar gereelde bedrag, verander oor ’n bepaalde tydperk in ’n groot fortuin.”

Om welvaart te skep, moet jou geld vir jou werk – daarvoor is ’n bewuste besluit met ’n plan nodig – hierdie boek sal jou help om so ’n plan te kan opstel. Daar is ook ’n CD met *My E-broker* wat jou sal help om met bedrae te speel om jou finansiële doelwit te bereik.

Skep welvaart gee ’n oorsig van veranderings en denkfoute met betrekking tot persoonlike finansies wat vermy moet word. Hoe om te beplan vir sukses word baie sinvol gedoen deur aan te dui hoe om jou lewensdoel te vind en doelwitte te stel. Hoofstukke handel oor die volgende: Waar kry ek geld om te belê?; belasting; sinvolle bestuur van noodsaaklike

uitgawes; hoe om ’n belegging te kies; beleggingsopsies; metodes om welvaart te bestuur; finansiële doelwitte vir elke lewensfase en hoe om ’n welvarende lewe te geniet.

Die boek is in maklik verstaanbare taal geskryf en sal enige persoon wat ernstig oor sy finansiële welvaart is ’n manier van dink bied om finansieel onafhanklik te raak. Natuurlik, hoe vroeër ’n mens die boek in jou lewe lees en daarvolgens begin optree, hoe meer welvaart kan geskep word.

Skep welvaart is ’n boek wat elke mens wat finansieel onafhanklik wil wees, moet lees. Die voordeel wat ’n mens daaruit kan kry, maak die prys van R200 kleingeld. Neem die besluit en koop jou kopie – jy sal nie spyt wees nie. Dit is ’n tipe praktiese Suid-Afrikaanse weergawe van *Rich dad poor dad* – ’n moet-lees vir almal wat op ’n Bybelse wyse self in hulle eie lewensonderhoud en dié van ander wil voorsien.